


2025/12/25
Heilige Geboorte

"Terwyl hulle daar was, het die tyd aangebreek dat haar kind gebore moes word. Sy het geboorte gegee aan haar eerste Kind, 'n seun. Sy het Hom in doeke toegedraai en Hom in 'n krip neergelê omdat daar vir hulle geen plek in die herberg was nie." Lukas 2:6–7, NLV

1. God het gekies om naby te kom en nie indrukwekkend te kom nie
"Ek sal by hulle woon en onder hulle wandel." 2 Korintiërs 6:16

Die wêreld soek grootsheid, God kies nederigheid

"My gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie," sê die Here.
Jesaja 55:8

As God bereid was om in 'n stal gebore te word, dan is Hy ook bereid om in jou werklikheid in te kom.

"'n Gebroke en verslae hart sal U nie verag nie, o God."
Psalm 51:19

"Toe die Here sien dat Moses nader kom, roep God hom…
'Trek jou skoene uit, want die plek waarop jy staan, is heilige grond.'" Eksodus 3:5
Die grond het nie verander nie, God se teenwoordigheid het dit heilig gemaak.
Heiligheid is nie die grootsheid van die plek nie, maar die nabyheid van die Here.

"Of julle eet of drink, of enigiets doen, doen alles tot eer van God." 1 Korintiërs 10:31
As Jesus teenwoordig is, word selfs 'n voerbak 'n heilige plek.

3. Die geboorte van Jesus verander hoe ons God sien
"Niemand het God ooit gesien nie;
die enigste Seun… het Hom aan ons bekend gemaak." Johannes 1:18

“Hy is die beeld van die onsigbare God.”
Kolossense 1:15

As jy wil weet hoe God is, kyk na Jesus.

God kom nie net om te red nie, Hy kom om by ons te woon

“Die Woord het mens geword en onder ons kom woon.” - Johannes 1:14

“Volmaakte liefde dryf die vrees uit.” 1 Johannes 4:18

God is nie teen ons nie, Hy is vir ons, Hy is lief vir ons

“Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van genade gaan.” Hebreërs 4:16

4. Die wêreld verander omdat God nou by mense woon
Hy is nou Immanuel, God met ons.

“Die volk wat in duisternis wandel, het ’n groot lig gesien.”
Jesaja 9:2

“Die lig skyn in die duisternis, en die duisternis kon dit nie uitdoof nie.” Johannes 1:5

“Ek is die lig vir die wêreld. Wie My volg, sal nooit in die duisternis wandel nie.” Johannes 8:12

“Moenie bang wees nie… ek bring vir julle goeie nuus van groot blydskap wat vir die hele volk bedoel is.” Lukas 2:10

Die teenwoordigheid van God verander gewone grond in heilige grond.

Heiligheid is nie die grootsheid van die plek nie, maar die nabyheid van die Here.